

INHOUD

Voorwoord	6
1. Israel se laaste exodus	9
2. Éfese: Die stryd tussen lig en duisternis	16
3. Smirna: Die stryd tussen lewe en dood	24
4. Pergamus: Skeiding deur die prediking	32
5. Thiatire: Stryd oor Jesus se koningskap	38
6. Sardis: Slaap of wakker wees	44
7. Filadelfía: Poort van die Nuwe Jerusalem	50
8. Laodicea: Waarheid teen die leuen	56
9. Wat hy in die hemel gesien het	63
10. Die Lam wat 'n Leeu is	69
11. Evangelie * Oorlog * Honger * Dood	75
12. Terug in die hemel by die martelare	82
13. "Berge val op ons en verberg ons!"	88
14. God se volk in die Oordeelsdag	94
15. Omgekeerde wierookbak van toorn	100
16. 'n Wêreldoorlog in die hel ontketen	106
17. Die groot ondergang kom	113
18. Die kerk in haar uiterste afsondering	119
19. Oorlog in die hemel	128
20. Die kerk in die woestyn	134
21. Die dier uit die see se wond genees	143
22. Die wolf in skaapklere	152
23. "Steek die sekel in!"	158
24. Moses en Jesus se psalm	164
25. Eufraatrivier en Armagéddon	172
26. Die valse kerk `n slegte vrou	180
27. Huilende politici, huilende ekonome, huilende matrose...	187
28. Ons groot eetmaal saam met Christus	193
29. Duisend jaar is een dag	200
30. Die Nuwe Jerusalem	207
31. Jesus die Blink Môrester	216

VOORWOORD

Hierdie is die tweede uitgawe van Die Boek Openbaring. Die eerste was in 1998 - met die sonsondergang van die 20ste eeu. Vandag, byna 'n dekadere verder, in die beginjare van die 21ste eeu, het die geskiedenis van die mensdom, alweer baie nuwe dinge gebring. Christus se wederkoms en die oordeelsdag het nog nader gekom. Die tekens van sy koms en die voleinding van die wêreld (Matthéüs 25:3) word duidelik gesien. Die “oorloë en gerugte van oorloë” is aan die orde van die dag. “Hongersnode” wat duisendes laat sterf, duur voort. “Pessiektes” maai onder die mensdom. “Aardbewings”, die ramp van 11 September 2001 in New York, tsoenami's, 'n Bali-bom, 'n New Orleans-vloed en 'n konflik in die Midde-Ooste skud die wêreld. Selfmoordbomdraers loop in samelewings rond en terroriste lê en wag om toe te slaan. Die “valse profete” is hoogs aktief in die kerk. Al die “tekens van die tye” sien ons duidelik voor ons oë. Die boek Openbaring en die res van die Bybel vertel ons van al hierdie dinge.

En nou wil die Here hê dat ons gereed moet kom om Hom te ontvang. “Kyk, Hy kom met die wolke!” (Openbaring 1:7.) Lees jou Bybel. Laat dit jou bril wees waardeur jy na die dinge op die televisie of op jou selfoon kyk en jou koerant lees ('n gedagte wat die Londense prediker Spurgeon reeds in die 19de eeu van sy koerant gesê het).

Hiervoor is kennis van die Skrif uiters nodig en met name van die boek Openbaring. En hierby kom ook nog die belofte van saligheid as jy hierdie boek lees en glo (bestudeer): “Salig is hy wat die woorde van dié profesie lees, en dié wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby” (Openbaring 1:3).

Wat in hierdie geskrif aangebied word, is nie 'n vers-vir-vers verklaring nie. Dit probeer hoogstens om 'n insig en 'n oorsig

op 'n maklik verstaanbare manier vir ons kerkmense vandag te gee. Die hoofstukke kan selfs as preke gebruik word, want oorspronklik was dit preke wat op verskillende kansels in Suid-Afrika gepreek is.

“Salig is dié wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte van die stad” (Openbaring 22:14, op die laaste bladsy van die Bybel).

V.E. d'Assonville sr.
Pretoria
Julie 2006

1

ISRAEL SE LAASTE EXODUS

Lees Openbaring 1, Exodus 15:1-6, Openbaring 15:1-4.

Openbaring 1:3: “*Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.*”

Israel se eerste *exodus* was die uittog uit Egipte, die verlossing uit die slawehuis van Farao. Die pad na Kanaän, die beloofde land, het deur die Rooisee gegaan. Hierdie verlossing was enkel en alleen *genade*. Nog vóórdat hulle die wet by Sinai ontvang het, nog vóórdat hulle self enige gebod moes nakom, het God hulle gered.

Hierdie verlossing, hierdie uittog, hierdie *exodus*, was meteen die belofte van hulle ewige saligheid. Dit is die evangelie wat eenmaal in Jesus Christus aan die kruis vervul sou word.

Egipte...Rooisee...Woestyn...Kanaän... Daar sien ons die duidelike padkaart van God se volk: Verlossing uit ons sonde... ons harde lewenstryd (ons woestynlewe)... die ewige verlossing (ons saligheid).

In die laaste Bybelboek hoor ons hierdie belofte van saligheid as jy dit bestudeer: *Salig is hy wat die profesie van hierdie boek lees en hoor en bewaar!*

Hierdie boek Openbaring is so geweldig, so onbeskryflik belangrik. Neem dit in jou hande, lees dit, luister daarna en bewaar dit in jou hart... Hiermee staan jy nou in die poorte van die Nuwe Jerusalem. Jy is salig!

2

ÉFESE: DIE STRYD TUSSEN LIG EN DUISTERNIS

Lees Op. 2:1-7; Gen. 3:23-24; Hand. 19:23-34; Op. 22:14.

“Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dit sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars...”

Die hele Openbaringboek is aan al sewe die gemeentes in Klein-Asië (vandag die land Turkye), gestuur. Dit was Jesus se bevel (1:11). Die sewe “briewe” of proklamasies van die Koning, is vir almal bedoel - ook vir die kerke van alle tye en op alle plekke. Dit is ook aan ons hier vandag geadresseer..

Die *sleutel* om elkeen van hierdie briewe te verstaan, lê in die openingswoorde, in die beskrywing wat Jesus van homself gee. Hierin sien ons telkens ‘n ander aspek van die kerk se stryd. In die gemeente van Éfese gaan dit om die stryd tussen *lig* en *duisternis*, want Jesus is hier die een wat die sewe sterre in sy regterhand hou en tussen die sewe kandelaars wandel. Sterre en kandelaars is ligdraers. Hier word die lig van die Evangelie in ‘n donker wêreld uitgestraal. Opvallend is dit dat die apostel Paulus ongeveer 30 jaar vantevore in sy brief aan die gemeente hierdie stryd tussen duisternis en lig bevestig: *“Vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here - wandel soos kinders van die lig”* (Ef. 5:8). Die Woord se opdrag aan die Efésiërs wat die gemeente se stryd beskryf is duidelik: *“Hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie”* (Ef. 4:11).

11 EVANGELIE * OORLOG * HONGER * DOOD

Lees Lev. 26:24-32; Mat. 24:6-14; Op. 6:1-8

“En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van ‘n donderslag: Kom kyk!... ” (Op. 6:1).

“En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n wit perd...” (Op. 6:2).

“En ‘n ander perd, ‘n vuurrooie, het uitgekome...” (Op. 6:4).

“En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n swart perd en hy wat daarop sit het ‘n skaal in sy hand.” (Op. 6:5).

“En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n vaal perd . . . ” (Op. 6:8).

Openbaring 6 begin met die opening van die sewe seëls van God se oordele oor die mensdom. Dit is die *LAM* van God, Jesus Christus wat dit doen. Hy is ook die *Leeu* uit die stam van Juda en die geslag van Dawid (Openbaring 5:5) - die beloofde Messias van die Ou Testament, maar ook Jesus die gekruisigde van die Nuwe Testament.

Telkens, as een van die seëls van die boek geopen word, dan hoor Johannes een van die *vier lewende wesens* se stem soos ‘n donderslag wat roep: Kom kyk! Hulle wat die skepping verteenwoordig, laat hulle stem hoor as die ou skepping wat deur die sonde bederf is, begin om te tuimel onder God se oordele. God breek af, maar Hy bou ook weer op. Uit die oordele kom Sy herskepping van die hemel en die aarde, want daar sal ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde wees (Openbaring

22 DIE WOLF IN SKAAPSKLERE

Lees: Openbaring 13:11-18.

“En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam en het gepraat soos ‘n draak.” (Op.13:11.)

In Jesus se eerste preek, die bekende bergpredikasie, waarsku Hy: “Pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsgtige wolwe is” (Mat. 7:15).

Hier in Openbaring 13:11-18 vind ons dan daardie eintlike valse profeet wat verteenwoordigend is van alle valse profete deur die kerkgeskiedenis van alle eeue - ook in die tyd van die Ou Testament. Hier word hy as ‘n “ander dier” uit die aarde beskryf om hom van die vorige dier uit die see te onderskei. Die vorige dier kom uit die see van die volkerewêreld. In die Bybel en die boek Openbaring is die stormagtige see telkens die beeld van die ontstuiimige nasies (vgl. Ps. 65:18; Jesaja 17:12; Openbaring 17:15) Die tweede dier kom uit die aarde, dit wil sê uit die mensdom van die aarde.

Ons lees dat hierdie dier *praat* en wondertekens doen soos byvoorbeeld die profeet Elia wat vuur uit die hemel laat neerdaal. Wat hy doen, is die dinge van die Ou-Testamentiese profeet. In Openbaring 16:13, 19:20 en 20:10 word die “valse profeet” verder saam met die “draak” (duiwel) van Openbaring 12 en die “dier” van Openbaring 13 beskryf.

Ons let vervolgens op die *verskyning* van die valse profeet, die *werk* van die valse profeet en die *getal* van die valse profeet: